SKOLE
ondersteuningsentrum

Mediaverklaring

Voorgestelde veranderinge aan Kodering- en Robotikakurrikulum moeilik uitvoerbaar

2021/04/01

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) is opgewonde dat daar vordering gemaak word om leerders in Suid-Afrika toe te rus vir die digitale era (4NR). Die voorgestelde veranderinge aan die Kurrikulum en Assesseringsbeleidverklaring (KABV) om voorsiening te maak vir Kodering en Robotika in Graad R – 9, is op 19 Maart 2021 in die Staatskoerant, gepubliseer. Die SOS bied reeds sedert 2019 Robotika-opleiding vir onderwysers aan, in samewerking met internasionale kenners op die gebied.

Die vereistes om Robotika suksesvol aan te bied, is omvattend en die Departement van Onderwys (DBO) – of skole – gaan groot aanpassings aan hulle begrotings moet maak om die nodige toerusting aan te koop en in stand te hou. Die SOS is bekommerd oor die vereiste van ŉ ingerigte rekenaarsentrum in elke skool en die rol wat die DBO hierin gaan speel.

Soos dit tans voorgeskryf word, is die SOS van mening dat die inhoude te kompleks en te veel is vir die ouderdomsamestelling van die leerders. ŉ Meer geïntegreerde model sal moontlik meer sinvol wees, met ŉ minder teoretiese benadering wat beter uitkomste sal oplewer.

Kodering en Robotika in die Grondslagfase fokus op Patroonherkenning en Probleemoplossing, Algoritmes en Kodering, Robotikavaardighede, Internet- en Kommunikasievaardighede en Toepassingsvaardighede. Die Intermediêre en Senior Fase fokus op Algoritmes en Kodering, Robotika-vaardighede, Internet- en Kommunikasievaardighede en Toepassingsvaardighede. Die vakmetodologie vir Graad R – 9 is gebaseer op Rekenaardenkwyses (Computational thinking) en die Ingenieursontwerpproses (Engineering Design Process).

Individue, skole en organisasies het tot 17 April 2021 om kommentaar op die voorgestelde veranderinge te lewer. Die SOS doen 'n beroep op alle skole, onderwysers en ouers om hierdie kurrikula te bestudeer en kommentaar aan charlotte@skole.co.za te stuur voor 15 April 2021. Al die dokumente is beskikbaar op https://skole.co.za/ander-dokumente-hulpbronne/

Medianavrae kan gerig word aan:

SKOLE
ondersteuningsentrum

Sarina Prinsloo
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za